Die Afrikaner
Sedert 1970
R10
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898 Nr 2159 23 April 2021

Land van Chaos

Daar is baie meer behoefte aan ‘n noodtoestand om die geweld en anargie in die land hok te slaan, as aan ‘n noodtoestand om mense se lewens in te perk ter wille van ‘n virus wat nog nie eens een persent van die bevolking geraak het nie.

Dit was die mening van ‘n politieke waarnemer wat met ***Die Afrikaner*** gepraat het. “Daar word gedurig gepraat oor wat die Covid-19 inperkings aan die ekonomie gedoen het, en heeltemal met reg. Maar die invloed van die stakings, onluste, brandstigting en anargie word selde, indien ooit, in ekonomiese terme uitgedruk, waarskynlik omdat dit feitlik ‘n onbegonne taak is om dit te bereken,” sê die waarnemer.

Die land was vasgevang met die brande in Kaapstad teen Tafelberg, wat ook daartoe gelei het dat die Universiteit van Kaapstand groot skade gely het. Onder andere is dié instelling se biblioteek vernietig (*foto hierbo*), en daar word nou druk bespiegel oor hoe die vuur daar uitgekom het, aangesien die biblioteekgebou op die kampus deur ander geboue omring is, en daardie geboue feitlik niks oorgekom het nie.

Daar was drie brande, en na die derde brand is ‘n Tanzaniër wat teen Duiwelspiek woon, daarvoor gearresteer. Inmiddels sê kenners dat die eerste twee brande ook aangesteek moes gewees het.

In Piet Retief het onluste ook uitgebreek, aangevuur deur lede van die ANC en EFF, nadat vier boere op omstrede wyse gearresteer is na ‘n oor en weer skietery waartydens twee skynbaar oproerige plaaswerkers doodgeskiet is en die boere nou daarvoor vervolg word. Terwyl geweldenaars en brandstigters buite rondloop en die ekonomie verwoes, is die boere, wat geen vlugrisiko is nie, steeds agter slot en grendel totdat hulle borgtogaansoek afgehandel is.

Die ANC-leier sou Winburg in die Vrystaat besoek het op 27 April. Dit is egter gekanselleer en hy gaan nou op die betrokke dag elders in die provinsie optree, met die gevolg dat Winburg se swart inwoners ook op hulle agtervoete is, paaie met klippe versper, bande brand en anargie pleeg. Dit het oorgeloop na nabygeleë munisipaliteite soos Brandfort en Theunissen.

(Vervolg op bladsy 15)

TE KOOP

800 Hektaar plaas te koop in die hart van die blommewêreld

* Woonhuis met drie wooneenhede (kothuise).
*Vier karavaan-staanplekke.
* Twee ablusiegeriewe.
*Kantoor en werkskamer. * Motorhuis.
* Lapa met borrelbad.
* Drie standhoudende boorgate, ten volle toegerus.
* 4 x 10 000L opgaartenks + 2 x 2 000L reënwatertenks.
* Eskom krag. * Eie kragopwekker. * Drie gronddamme.

Koop 'n lopende besigheid. Prys op aanvraag.

Skakel **071 868 0413**

Die Redakteur

Piet Retief: Leer die regte lesse

Dit is werklik verstommend om te sien hoedat die regering telkens 'n weerligafleier het op die oomblik dat sy eie probleme byna te veel word om te hanteer.

Jacob Zuma sê hy sal tronk toe gaan, maar hy gaan nie na die Zondo-kommissie nie. Ace Magashule moet "opsystaan" as sekretaris-generaal van die ANC, maar hy hardloop na Zuma toe vir advies. Die skorsing van Supra Mahumapelo, voormalige premier van Noordwes, gaan in wese ongesiens verby, want alle aandag word op Piet Retief gefokus, waar blanke boere opgesluit is vir die beweerde moord op twee plaaswerker broers, wat by 'n arbeidsgeskil betrokke was. Nog 'n boer is in die skermutseling sodanig beseer, dat hy met skedelbreuk in die hospitaal opgeneem is.

Ons gaan nie hier op die meriete van die saak ingaan of help met die wydlopende bespiegelinge oor wat daar gebeur het nie. Die vraag is hoe gaan mense vir moontlike herhalings voorbereid wees?

TLU SA het die advies van 'n strafregprokureur en self voormalige staatsaanklaer bekom, en dit aan hulle lede versprei met die versoek om dit verder te versprei. Ons haal die kern daarvan uit sodat ons mense kan voorbereid wees vir soortgelyke gevalle:

Hierdie tipe situasie is 80% propaganda en sielkundige oorlogvoering en 20% 'n regsprobleem, hoewel die meeste mense en regsgeleerdes dit nie besef nie of dit nie so hanteer nie.

Dit is redelik gemene saak dat daar 'n georganiseerde opbou van gebeure was oor 'n tyd wat waarskynlik gestuur was in die rigting van 'n insident. Na die gebeure egter, was dit oral in alle media verkondig as boere wat werknemers geskiet het – en dit ook deur veronderstelde goedgesinde media. Die regter wat die saak gaan verhoor, het dit ook al gehoor en begin 'n prentjie opbou in sy kop. Hierdie storie (Engels "narrative") gee alle linkses nou lisensie om verder aan te jaag. Die propaganda-oorlog is reeds 100% verloor. Waar is die deur-die-regsverteenwoordiger goedgekeurde persverklarings, die ordelike optrede deur die boeregemeenskap om beswaar te maak teen die aanrandings en intimidasie teen hulle, en teen die pers wat dit verkondig om die regte storie ("narrative") te vestig?

Van die boere wat op die toneel was, vrees dalk steeds om gearresteer te word. Maar in Afrika is dit so dat as jy nie soos 'n leeu lyk en optree nie, gaan jy soos 'n hond geskop word.

Die pers het maar later eers baie effentjies berig oor die beseerde boere en plaaswerkers en die georganiseerde intimidasie. Die boere kry al hoe meer moeilikheid dat hulle, deur hulle nalate om hulle kant van die storie effektief uit te basuin, die beeld kry van moordenaars en mishandelaars van "werknemers"? Boere moet self daardie etiket vanhulle nekke verwyder.

Moenie na enige prokureur kyk nie — gewoonlik meen hy dat hy net daar is vir die saak en baie verstaan nie eers die verband nie. Gewoonlik kies mense hulle prokureur "want my neef se vrou se oom se kind is 'n prokureur" en dra dan die gevolge. Vir 'n prokureur is 'n ervare strafregpraktisyn met kennis oor administratiefreg en die besef van die aard van die stryd wat ander aspekte insluit nodig. Hy moet effektief met die pers kan werk, en ook die misdaad ondersoek proses en polisie prosedures verstaan. Dit gaan nie net oor die hof nie.

Daar moet oorweeg word om ou ervare SAP-ondersoekers in sulke gevalle so spoedig moontlik op die toneel te kry en in kommunikasie met die prokureur die belangrike aspekte hanteer.

In hierdie geval het die SAPD die vuurwapendoppies versamel sonder behoorlike foto's en forensiese prosedures, en ten spyte daarvan dat die boere vir skietresidu getoets is, is die oorledenes s'n nie geneem nie; en geen vingerafdrukke van die geroofde vuurwapen is geneem nie.

Hulle prokureur moes 'n brief aan die SAPD geskryf het om dit behoorlik te dokumenteer. Gaan vertel dit

(Vervolg op bladsy 15)

Die Afrikaner

Tel.: 079 752 4898 admin@hnp.org.za

Redakteur: Mnr. Henk van de Graaf
vandegraafhenk@gmail.com

Uitleg en tegniese versorging: Juanita Powroznik

Medewerkers: Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mev. Alet Murray
Ds. Gideon Grobler
Mnr. Rudolf Buitendach

So is ons verraai (40)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

DIE BOERE-AFRIKANERVOLK SE POGINGS OM SELFBESKIKKING TE BEKOM EN DIE RESULTAAT DAARVAN, 1990-1999

BOERE-AFRIKANER WEERSTAND TEEN DIE DREIGENDE VERLIES VAN VRYHEID, 1990-1993

Agtergrond

Diegene wat nie op 10 Mei 1994 feesgevier het nie, se grootste grief was nie die verlies van hulle "bevoorregte posisie" nie; dit was die feit dat die keersy van die "swart bevryding"-munt onder dié besondere omstandighede die verlies van Boere-Afrikaner selfbeskikking beteken het. Dit was nie 'n proses van gee en neem nie — die ANC het eenvoudig alles gevat, en die einde van die proses het die Boere gelaat met die totale verlies van hul (relatiewe) outonomie ten spyte van eeue se opoffering: die ontberings, sielesmart en groot verliese aan die Oosgrens van die Kaap sedert die 1780's; die doodsangs van Vegkop en die daaropvolgende oorwinnings in die Transvaal; die verraderlike moorde by Umgungundlovu; die verminkte lyke van vrouens en kinders in Natal; die seën van oorlewing en oorwinning ná die Gelofte van Bloedrivier; die talle verdrae met swart opperhoofde vir grond waarop verskeie Boererepublieke gevestig is; die oorwinning by Amajuba; die duisende vroue en kinders wat in die Britse konsentrasiekampe 'n hongerdood gesterf het tydens die volksmoord van die Anglo-Boere-oorlog; die geswoeg en ontberings om die wanhopige armoede gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu te oorkom; die enorme poging en hulpbronne wat tydens apartheid in nieblanke ontwikkeling en swart outonomie gesteek is; die jong manne wat in die Grensoorlog gedood en vermink is — die totale vrug en voordeel van hierdie reusepoging en opoffering is gedurende die vier jaar van De Klerk se bewind uitgewis.

Alhoewel hierdie gebeurlikheid reeds dekades voor 1994 voorsien is, was dit baie moeilik (indien nie onmoontlik nie) vir nie-kapitulerende Boere-Afrikaners om op 'n konstitusionele, wettige manier die Nasionale Party in sy gang effektief teen te staan. Die NP het al die voordele gehad wat regerende partye normaalweg het, en selfs méér: sy bewind het oor geslagte gestrek, die party was goed befonds, het sterk bande met die hoofstroommedia gehad en die regering het natuurlik met 'n ysere hand oor die staat se magsinstrumente regeer. 'n Handperd van die NP was die Afrikaner-Broederbond — 'n geheime organisasie met die invloedrykste lede in alle sektore van die regering, staatsdiens en die Afrikaner samelewing in elke dorp en stad dwarsdeur die land (*Wilkins, I. & Strydom, H.: 406-415*). Hierdie faktore het natuurlik enige kanse op sukses vir gewone opposisiepolitiek erg belemmer met die gevolg dat Boere-Afrikaners gedurende 1990, die jaar waarin De Klerk die ANC ontban het, die eerste dade van politieke geweld in baie dekades gepleeg het.

Stigting van die BKA

Naas geïsoleerde voorvalle van bomontploffings, is die saad mettertyd vir 'n meer algemene weerstand ook gesaai. Op 26 Mei 1990 het die grootste politieke byeenkoms tot nog toe in die geskiedenis van blanke politiek plaasgevind, toe ten minste 100 000 mense in Pretoria onder die vaandel van die KP, AWB en HNP byeengekom het om hulle misnoeë met die pad wat De Klerk ingeslaan het, te kenne te gee (*Jonker: 120*).

By 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie later dieselfde jaar, het 'n aantal aanwesiges hulle teen die staat se landboubeleid uitgespreek, maar dit was duidelik dat hulle misnoeë verder gestrek het en inderwaarheid teen FW de Klerk se grondwetlike skuiwe gerig was. Die adjunkminister van landbou, wat genooi was om die kongres toe te spreek, en 'n paar van sy kornuite, het die kongres vinnig verlaat nadat daar nog aanvalle uit die gehoor gekom het. 'n Nuwe organisasie, Die Boere Krisis Aksie (kortweg BKA) is op dieselfde dag gebore. 'n Paar maande later (gedurende Januarie 1990) het die BKA 'n baie suksesvolle operasie met militêre presisie wat die regering se veiligheidsmagte tot in hul fondamente geskud het, uitgevoer: In 'n magsvertoon om hul teenkanting teen De Klerk se beleid te toon en hom duidelik te laat verstaan dat

(Vervolg op bladsy 4)

(Van bladsy 3)

hy moes ophou om hulle belange te ignoreer, het ongeveer 30 000 boere van oor die land met swaarvoertuie en landbou-implemente die middestad van Pretoria beleër. Die beleg het net vir twee dae geduur en die stad se strate was ontoeganklik vir gewone verkeer. Daar was geen voorvalle van geweld, oproer of skade aan eiendom nie; nogtans is honderde boere in hegtenis geneem en talle is aangerand en het met allerlei vorms van polisie-brutaliteit kennis gemaak (*Jonker: 135; Potgieter: 24-36*).

Nog weerstand

'n Paar maande later (Augustus 1991) het dié brutaliteit hoër vlakke bereik toe drie lede van die sogenaamde "regse vleuel" tydens 'n politieke vergadering van De Klerk in Ventersdorp doodgeskiet is. Alhoewel daar 'n mate van onsekerheid omtrent die omstandighede van hul dood geheers het, het De Klerk self later erken dat die Polisie daarby betrokke was (*Potgieter: 252; Jonker: 141-143; De Klerk: 232*). Voorvalle soos hierdie het Boere-Afrikaners meer as ooit die harnas in gejaag teen die regerende party en De Klerk, maar net toe sy parlementêre KP-opposisie min of meer sy toppunt bereik het, het die regse vleuel 'n terugslag gekry as gevolg van 'n kombinasie van leuens en intimidasie gedurende die referendum van Maart 1992, soos in aflewering 36 van hierdie reeks beskryf.

Weerstand teen die NP/ANC se skema van 'n eenheidstaat het egter onder beide swart en blanke bevolkingsgroepe bly voortduur. In Oktober 1992 — kort na die NP/ANC se Rekord van Verstandhouding — is COSAG deur 15 politieke groepe insluitend die IVP, KP, AVSTIG, VEKOM (Volkseenheid Komitee), die regerings van Kwa Zulu, Bophuthatswana, en die Ciskei sowel as politieke partye uit ander tuislande, gestig. Soos in aflewering 37 van hierdie reeks vermeld, het COSAG die beginsel van 'n eenheidstaat verwerp en was ten gunste van 'n federale of konfederale bedeling bestaande uit swart en blanke ledestate. Die lede sou self die samestelling van die topstruktuur en die omvang van dié se gesag bepaal (*Jonker: 193*).

Daar was ook in die weermag weerstand teen De Klerk se omgang met die ANC (*De Klerk: 229*), veral ná sy rampspoedige Rekord van Verstandhouding van September 1992. Baie van sy soldate het die swakheid waarmee hy die ANC-strategie van onrus en geweld hanteer het, gelaak. Gedurende Desember 1992 het hy egter die weermag heeltemal onder sy beheer gekry toe hy 23 senior offisiere summier ontslaan het — 'n optrede wat mettertyd as die "Nag van die Generaals" bekend geword het. Sy optrede teen hulle het op twyfelagtige gronde berus en kon op die ou einde nie in 'n hof staan nie. Nogtans is nie een van hulle weer heraangestel nie. Hierdie laakbare optrede het 'n afgetrede weermaghoof, generaal Constand Viljoen, daartoe beweeg om uit weersin uit die Afrikaner Broederbond te bedank (*Hamann: 182-193; Stiff: 550-556*). Viljoen, wat tot in daardie stadium regse groeperinge se versoeke om by die volk se saak betrokke te raak, afgewys het, sou dit hierna in die maande wat sou volg heroorweeg.

Moeg vir die stad en sy gejaag?

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by

Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.

Die Program van Beginsels van die HNP — Grondwet vir die Boere-Afrikanervolk (5)

Nadat die HNP in artikel 2 van sy beginsels die lewensbeskoulike grondslag van die Party onomwonde verklaar het, word in artikel 3 daartoe oorgegaan om die praktiese toepassing en betekenis daarvan in die volkslewe te beskryf. Dit lui soos volg:

3. Beginsels en Uitgangspunte

3.1. Soewereiniteit van God

In die uitleef van sy strewe en in die Grondwet van ’n toekomstige Afrikanerstaat, in die optrede van die Party en sy leiers en lede moet die Drieenige God erken en verheerlik word as die soewereine God, die Skepper, Onderhouer, Herskepper en Voleinder van alle dinge tot wie se diens almal op alle lewensterreine geroep word en van Wie alles verwag word en van Wie alles en almal wat bestaan, afhanklik is.

3.2. Nasionale Identiteit

Aangesien dit God behaag het om ’n verskeidenheid van volkere en nasies in aansyn te roep, moet:

3.2.1. die nasionale identiteit van die Afrikaner as Witman, Afrikaner en Christengelowige noulettend bewaar word;

3.2.2. die kultuuropdrag van die volk langs Christelik-nasionale weg geskied; en

3.2.3. die antichristelike en antinasionale strewe na ras- en kulturele eenvormigheid, die uitwissing van alle grense, en die imperialisme met die oog op die tot stand bring van een staat vir die hele Afrika en een wêreldstaat, teengestaan word sodat ons volk binne die natuurlike lewenskringe van gesin, familie en volk beskerming, veiligheid en vooruitgang kan geniet.

Daarom kan die Afrikanervolk in beginsel nie deelneem aan die multikulturele en veelrassige reënboognasie en sy strukture wat in 1994 onwettig tot stand gebring is om die Afrikaner van sy soewereiniteit, sy vaderland en sy toekoms te vervreem nie.

In 3.1 hierbo word erken dat God, nie die mens nie, die oppergesag oor die hele skepping beklee; dat ons as individue en as volk in sy diens staan; dat ons van Hom en Hom alleen afhanklik is en dat ons in alles wat ons doen, sy eer voor oë moet stel. Dit stem ooreen met die eerste bede van die gebed wat Jesus Christus ons geleer het: “laat U naam geheilig word”. Dié artikel lyk of dit eerder in ’n kerklike belydenis tuishoort as in ’n dokument van ’n politieke party. Ons voorouers het egter nie so ’n breë skeidslyn tussen hul godsdienstige belydenis en die volkslewe getrek soos ongelukkig vandag gebeur nie. Daarom kon Andries Pretorius en sy volgelinge met erns die bekende Bloedriviergelofte aflê, en kon president Paul Kruger verklaar: “ook op staatkundige gebied bely ek die ewige beginsels van Gods Woord”. Talle meer voorbeelde van dié aard kan aangehaal word.

Deur die opname van dié artikel in ons program van beginsels word die grenslyne neergelê waarbinne die volkslewe uitgeleef en die toekomsideale gerig moet word. In kort kan ons sê dit verteenwoordig die begrip “Christelik” in ons Christelik-Nasionale lewensbeskouing.

Artikel 3.2 druk die nasionale aspek van ons lewens- en wêreldbeskouing uit. Daarin erken ons dat volkere en nasies deur God se wil en beskikking tot stand gekom het en dat dit ons plig en verantwoordelikheid is om ons identiteit en volkskarakter noulettend te bewaar. Dit sluit die bewaring van en koestering van die goeie en mooie van ons volkserfenis in: ons Christenskap, ons witmanskap, ons taal en kultuur, ons geskiedenis, ons land, ons huweliks- en gesinslewe, ons sedes en vele meer. Dit laat geen ruimte vir rasseverbastering, ’n sogenaamde reënboognasie en ‘n sekulêre eenheidstaat waarin na eenvormigheid van alle mense gestreef word en die natuurlike onderskeide deur anti-Christelike wette ontken, en gepoog word om dit onder dwang uit te wis nie. Dit laat ook geen ruimte vir die vermorsing van ons taal, die verwaarlosing van ons geskiedenis en vele ander dinge wat deesdae mode onder ons volk geword het nie. Geen wonder dat ’n groot gees in ons volk, dr. Tobie Muller, in ’n vroeër era kon verklaar dat papheid op nasionale gebied sonde is nie.

Kortom, die beginsels hier uitgedruk, vorm ’n direkte teenstelling téén die basiese uitgangspunte en beskouing wat in die huidige grondwet van Suid-Afrika uitgedruk word en as die hoogste wetlike gesag in die RSA geld. Dit is ’n formulering wat die geestelike grondslae en lewensbeskouing waarmee ons volk gebore is en gegroei het, weergee. Daarom is dit geen wonder dat ons van die begin af in botsing gekom het met die liberale beskouings wat eers Brittanje, en later die hele internasionale wêreld op ons wou afdwing nie. Hoe skandelik en jammer tog dat ons deur verraad en lamsakkigheid uiteindelik voor daardie dwang geswig het!

Buiteland
kortliks

Veilige Tesla dalk nie so veilig

Nouliks het die Suid-Afrikaans gebore Elon Musk sy Tesla voertuie se veiligheid beskryf, of twee mense sterf juis in een van dié voertuie.

Musk het die Tesla-voertuie ontwerp. Dié voertuie kan sonder enige bestuurder ry en aanvanklik is gemeen dat dit ’n baie veiliger voertuig is omdat dit menslike foute uitskakel.

Op 18 April het Musk op Twitter gespog dat sy voertuie in die eerste kwartaal 4,19 miljoen myl gery het terwyl die outomatiese bestuurstelsel in werking was en slegs een ongeluk is geregistreer. Sover het hulle een ongeluk geregistreer vir elke 2,05 miljoen myl wat gery is en dit maak die Tesla tien keer veiliger as die gemiddelde voertuig.

’n Dag later was daar egter ’n gru-ongeluk in Texas waarin daar twee mense dood is.

Dit blyk toe dat die voertuig ook self gery het met niemand in die bestuurdersitplek nie.

Die voertuig het te vinnig om ’n draai gery en in ’n boom vasgery. Dit het toe aan die brand geslaan.

Die brandweer het meer as vier ure gespook om die brand te blus omdat die batterye van die voertuig telkens die vuur laat opvlam het. Uiteindelik moes Tesla gekontak word om uit te vind wat moet gebeur om die vuur te laat bedaar.

Nadat die vuur uiteindelik geblus is, is vasgestel dat daar twee mense in die voertuig was, een agterin en een op die passasiersitplek.

Privaatheid in Duitsland onder druk

Ingevolge wysigings aan Duitsland se Infeksiebeheerwet kan die polisie nou feitlik enige tyd enige huis betree en deursoek.

Die federale regering neem nou verregaande bevoegdhede oor van die deelstate om hierdie maatreëls uit te voer.

Huishoudings mag voorlopig met slegs een ander persoon daagliks kontak maak. Sou daar ’n vermoede wees dat mense van meer as twee huishoudings byeen is, kan die polisie en veiligheidsdienste die betrokke woning binnegaan, sê Steffen Alter, wat die woordvoerder is van die minister van binnelandse sake, Horst Seehofer.

Kritici noem hierdie optrede deel van die “Corona-diktatuur” wat mense se privaatheid in hul eie huise ernstig gaan aantas. Alter het tydens ’n mediakonferensie erken dat bepaalde basiese regte van mense kragtens die nuwe regulasies ingeperk word. Dit sluit in die regop liggaamlike integriteit, deurdat mense byvoorbeeld verplig kan word om ’n negatiewe Covid-toets van nie ouer nie as 24 uur voor te lê as jy haarkapper toe wil gaan. Daarom is ook die reg op die onskendbaarheid van die private woning beperk.

Joernalis van Twitter geskop

Die sensuur van die sosiale media teen alles en almal wat regs of behoudend neig, duur onverpoosd voort.

In die jongste geval is ’n konserwatiewe Amerikaanse joernalis, Jason Whitlock, van Twitter afgesmyt nadat hy kritiek uitgespreek het teen die medeleier van die Black Lives Matter (BLM)-beweging, Patrisse Khan-Cullors.

Khan-Cullors het onlangs ’n $1,4 miljoen huis gekoop in Topanga Canyon in Suid-Kalifornië. Dié gebied het slegs 1,4 persent swartes wat daar woon. Witlock het hierdie feit uitgewys en die opmerking gemaak dat sy nou by haar mense is.

Whitlock het gesê hy gaan nie die knie voor Twitter buig nie omdat hy niks verkeerd gedoen het nie.

Intussen het die leier van BLM ‘n ondersoek na Khan-Cullors gelas nadat dit aan die lig gekom het dat sy sedert 2016 drie miljoenêrshuise aangeskaf het.

Amerikaanse lugdiens wil verkleur

Die Amerikaanse lugdiens, United Airlines, het ‘n werwingsaksie geloods wat daarop gemik is om “die kajuit te diversifiseer” deur vroue en gekleurdes as vlieëniers te werf en op te lei.

United Airlines beplan om 10 000 vlieëniers teen 2030 op te lei, waarvan die helfte vroulike en/of gekleurde rekrute is.

Die United lugvaartakademie aanvaar tans aansoeke op sy webwerf, wat lui: Vandag het United een van die mees uiteenlopende vlieënierpopulasies van enige Amerikaanse lugdiens, met byna 20 persent van ons loodsgroep wat bestaan uit vroue en gekleurdes. Ons werk daaraan om die getal nog hoër te maak deur saam te werk met organisasies wat deur diversiteit gelei word en voortgaan om geslags- en rassehindernisse te verwyder.”

Misdaad neem toe in Amerika

Die feit dat die polisie toenemend meer onder skoot kom deur ver-linkses, lei daartoe dat die polisie in die VSA steeds meer versigtig word om op te tree, met die gevolg dat ernstige misdaad besig is om skerp te styg.

Dit blyk uit opmerkings van Alex Villanueva, hoof van die Los Angeles distrikspolisie.

Groot stede in die VSA het vanjaar ‘n toename in geweldsmisdaad ervaar.

In Los Angeles het moorde met byna 200% toegeneem, berig *Fox News*. Gedurende die eerste twee maande van 2021 was daar 60 moorde in Los Angeles distrik vergeleke met net 21 gedurende dieselfde tydperk verlede jaar.

Portland is ‘n ander groot stad wat ‘n vlaag moorde ervaar, met 25 moorde gedurende die eerste drie maande van 2021, vergeleke met net drie gedurende dieselfde tydperk in 2020. Ander stede soos onder meer New York, Chicago, St. Louis, Baltimore, word ook geteister deur ‘n stygende moordsyfer.

Volgens Villanueva word misdadigers aangemoedig deur ’n progressiewe wetstoepassingsbeleid. Hy het met *Fox News* gesels en die nuwe prokureur van die distrik in Los Angeles, George Gascón, die linkse regsgeleerde wat na slegs enkele maande vinnige hervormings aan die wetstoepassing in Los Angeles ingestel het, die skuld gegee.

Die kommerwekkende styging van misdaad is nie nuut in 2021 nie. Geweldsmisdaad, veral moord, was in 2020 reeds besonder hoog. Verlede jaar is in die Verenigde State meer as 20 000 moorde gepleeg — die hoogste totaal sedert 1995, en 4 000 meer as in 2019. Voorlopige FBI-gegewens vir 2020 dui op ‘n toename van 25% in moorde — die grootste enkele jaar-toename sedert die agentskap data begin publiseer het in 1960.

Die Wetstoepassingsfonds het bevind dat moorde gestyg het en dat die polisie se aktiwiteite verlede jaar afgeneem het in dié stede waar hulle die meeste deur die mense gekritiseer is.

Intussen is die polisie in die ongelyk gestel in die verhoor op die moord van die misdadiger, George Floyd. Floyd het na bewering vervalste geld in sy besit gehad. ‘n Polisiebeampte, Derek Chauvin, het hom gearresteer en moes hom met die nodige geweld in bedwang hou. In dié proses is Floyd dood en daar is beweer dat Chauvin so lank op sy nek gesit het, dat hy daarom dood is. Chauvin is nou deur die hof skuldig bevind op drie aanklagte en hy sal later gevonnis word. Hy is egter dadelik in aanhouding geplaas.

Die hele swart Amerika juig oor die skuldigbevinding en selfs die linkse president, Joe Biden, het sy vreugde met die uitspraak uitgespreek en gesê dit moet net die begin wees.

Die verwagting is dus dat die polisie nog meer versigtig gaan word en dat misdadigers nog meer selfvertroue gaan hê om nog meer misdaad te pleeg.

AfriSolar Supplies

Winkel 1, Bell Geddes Zone,
Braam Pretoriusstraat 321
(h/v Koraalboom), Magalieskruin

R 6 900
(BTW uitgesluit)

1kW
Draagbare Toestel
Ideaal vir slaap apnee- en suurstofmaskers.

Axel Powroznik: 082 22 44 584
sales@afrisolarsupplies.co.za facebook: AfriSolar Supplies

WERDA GASTEHUIS
Upington akkommodasie

Perfek vir ‘n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, ‘n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.

Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van ***Die Afrikaner.***

082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za

Woord en wêreld

Die gemeenskap van die heiliges ‘n Bybelse opdrag!



Deur Dr. Gideon Grobler

Skrifgedeelte:

Kol. 3:16: Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. (Lees verkieslik verse 12 tot 17)

Oordenking:

In my pelgrimsreis na die ewigheid gebeur dinge wat nie so moet wees nie (sonde). Hierdie reis is ‘n gemeenskap van die heiliges projek. Sonde maak my geestelik blind vir my eie sonde. Ek sien maklik ander s'n raak, maar is verras as ander myne uitwys! Ek het jou nodig om my te help sodat in my lewe, “...die woord van Christus ryklik in julle (my)woon...”

Vanweë my sondige aard kan ek myself nie 100% objektief sien nie. Ek het ‘n vertroueling, ‘n gelowige broeder of suster nodig om my van buite te sien en in liefde reg te help!

Dit is baie bepaald een van die redes hoekom ons lees van die gemeente. Hierdie broederlike “...Leer en vermaan mekaar...” moet hier plaasvind. As die gemeente se aard so verander het dat dit nie meer kan gebeur nie omdat daar nie die nodige vertrouensverhoudings is nie, het ‘n gemeente nodig om te vra of hul nog gemeente (Bybels gesien) is.

In Spr.15:22 verklaar die wyse Salomon nie verniet: “Planne misluk sonder beraadslaging, maar deur die veelheid van raadgewers kom dit tot stand.” Ek het raad nodig!

Gebed:

Hemel Vader, skenk my asseblief in Christus die hart wat dit vir my broer maklik maak om met my te praat, te vermaan! *AMEN*

Sjinese hou Christene in kelders aan

Sjinese amptenare hou Christene in vensterlose transformasie-fasiliteite aan en gebruik breinspoeling om hulle te laat afsien van hul geloof, berig *Radio Free Asia* (RFA).

RFA het gesê dat hy met ‘n lid van ‘n Christelike huiskerk gepraat het wat onder die skuilnaam Li Yuese bekend is.

Hy het gesê dat hy byna tien maande aangehou is in ‘n fasiliteit van die Sjinese Front, ‘n departement van die Sjinese Kommunistiese Party.

Li het die fasiliteit mobiel genoem, gesê dat dit net êrens in een of ander kelder opgestel kan word en dat dit beman word deur mense van verskillende regeringsdepartemente.

Hy het bygevoeg dat hulle hoofsaaklik op Christene teiken wat lid is van huiskerke.

Die Sjinese Kommunistiese Party, wat ateïsme aanhang, oefen streng beheer uit oor enige vorm van godsdiensbeoefening onder sy burgers.

Staatsveiligheidspolisie en amptenare van die godsdienssake doen gereeld klopjagte op nie-amptelike huiskerke wat nie lede is van die Sjinese Communist Party (CCP)-gesteunde Three Self Patriotic Association nie, hoewel lidkerke soms ook geteiken is.

Die CCP onder Xi Jinping beskou die Christendom as ‘n gevaarlike buitelandse invoer, met partydokumente wat waarsku teen die infiltrasie van Westerse vyandige magte in die vorm van godsdiens.

Li het vertel dat daar geen vensters, geen ventilasie en geen tyd buite was nie, en dat hy net twee maaltye per dag gekry het. Gevangenes wat geweier het om hul foute te erken, is vir lang tydperke in eensame aanhouding aangehou. Daar is geen tydsbeperking vir die breinspoeling nie, het Li bygevoeg. “Ek weet nie hoe lank iemand daar aangehou is nie, maar ek was agt of nege maande lank aangehou.” Hy het ook gesê dat aangesien jy nie die son kan sien nie, al die konsep van tyd verlore gaan.

“Ek kon nie slaap nie; nadat ‘n mens ‘n week daar was, lyk die dood beter as om daar te bly.”

Behalwe vir die nood van kerke in Sjina, het ‘n verhaal in Februarie na vore gekom oor Sjinese vroue wat beweer dat hulle in die land se konsentrasiekampe was waar uiters sadistiese wagte bendeverkragtings en wrede dade uitgevoer het.

Rusland: teiken van linkses

Dolf Buitendach

Rusland, ook bekend as die Russiese Federasie is ’n merkwaardige land wat in die Eurasië-gebied geleë is.

Rusland, met 17 125 000 vierkante kilometer, beslaan die grootste oppervlakte van enige land ter wêreld. Die land het vier groot stede met Moskou as hoofstad waarna daar al in 1147 verwysings bestaan en tans ’n inwonertal van 12,7-miljoen.

Net soos wat Suid-Afrika tydens blanke-regering deur die wêreld se liberale regerings en media beswadder is met valse aantygings, word Rusland steeds deur hulle geteister en gediskrediteer. Die linkses se haat teen Rusland en sy leierskap is onder andere omdat president Vladimir Putin openlik die Christelike geloof verdedig en die dekadente sedelike verval van die Weste openlik kritiseer.

Enkele merkwaardighede oor Rusland wat nie altyd bekend is nie sluit die volgende in:die land het 85 federale gebiede met meer as 145-miljoen inwoners. Die drie grootste etniese groepe in die land is Russe (81%), Tataar (4%) en Oekraïners (1,5%). Baske, Chuvasiërs, Chegiërs en Armeniërs is ongeveer 1% elk. Die res bestaan uit ander samestellings wat ook die Joodse bevolking insluit.

Anders as in Suid-Afrika is daar verskeie gebiede wat een of ander vorm van outonome regering het met slegs buitelandse sake onder Russiese beheer. Daar is 55 provinsies met plaaslik verkose goewerneurs en eie wetgewing. Daar is ook 22 republieke wat uit etniese minderhede met nominale onafhanklikheid bestaan.Hulle het ’n eie grondwet en verkies hulle eie verteenwoordigers in hulle regering en parlement. Hulle bepaal ook hulle eie landstaal wat saam met Russies amptelik is. Daar is ook vyf outonome distrikte en drie federale stede (Moskou, Sint Pietersburg en Sewastopol) wat as afsonderlike streke funksioneer.

Toe die voormalige VSA-president, Donald Trump, nouer bande met Rusland wou aanknoop het die linkse Demokratiese Party histeries geraak en saam met enkele Republikeine dit hewig teengestaan. Trouens, sedert die linkse Joe Biden president van Amerika geword het, het verhoudinge met Rusland vertroebel en het hy selfs sanksies ingestel.
Rusland staan veel nader aan die Weste met sy oorheersende blanke bevolking en het Sjina onlangs sterk teengestaan met hulle pogings om in Russiese gebied seggenskap te probeer kry. Met Indië wat ook deur Sjina bedreig word en nouer aansluiting by die Weste soek het Rusland die geleentheid gebruik en sy bande met Indië versterk.

Die Afrikaner is bevoorreg om weer Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan plaas.

Alet Murray het hierdie briewe van ‘n heelwat jonger Lettie aan ‘n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans ingeperk sit in ‘n ouetehuis..

Liewe sus Katrien,

Ai tog, vandag is ek kniediep in die sop by Servaas. Sal maar weer skaapbredie en soetpatats kook, miskien koel dit hom bietjie af. Maar wag, laat ek jou van voor af vertel wat gebeur het.

Ons Handelspos kom mooi aan en soos wat almal hulle sit kry in die nuwe huise, begin daar botteltjies konfyt, stukkies hekelwerk en pakkies beskuit op die rakke verskyn. Selfs die eerste bossies radyse en wortels het ook al ingekom.

Die vooraansig van Handelspos het egter nog meer na 'n ou skuur as 'n winkel gelyk en hierdie week het ons almal ingespring om bietjie tuin te maak en die mure te verf. Onder die akkerboom het Jakobus en Hermanus twee oulike tafeltjies met bankies gebou van stene en sement.

Al wat nog kort gekom het, was 'n naambord. Omdat hy 'n kunstenaar is, is Andante genader om die bord te verf. Hy en Servaas is toe vanoggend dorp toe om die bord en verf te koop en sommer 'n ekstra bed vir Die Opstal ook, want Sarie se niggie, Bettie, kom kuier en miskien sommer intrek ook.

So met die gewerskaf en gesukkel om vir Beaufort, Sarlot en gesin uit die beddings te hou, het ek nie dadelik besef wat by die hek aan die gang is nie. Eers toe 'n hees ou toeter "hoink! hoink!", kyk ek op. Daar staan 'n stowwerige, papgeryde bakkie van onsekere afkoms en kleur met ‘n smous wat by die venster uitrank.

"Kan ons help?" roep ek.

"Mevroutjie, kom kyk watse ou mooi goedjies het ek hier."

Sarie, Lina en ek stap hek toe. Agge siestog, agter op die bakkie sit 'n lot verlepte kuikentjies en smeek om gered te word.

Ek het maar 'n sagte plekkie vir 'n hoender en hierdie klompie trek my hartsnare. Net daar koop ek 51 kuikens vir die prys van 50.

Die drie van ons loop met die lendelam kartondoos na ons huis maar wat nou gemaak? Ons het nie 'n hokkie of iets nie. Ek sit toe maar koerantpapier op die vloer van ons gastetoilet en laat die arme goedjies daar vry. Gee water en mieliemeel en plaas 'n lantern op die sitplek vir hitte.

Ek bel vir Servaas om bietjie kuikenmeel ook te koop. Ek kan hoor hy is alreeds nie lekker oor die kuikenmeel nie, maar sê niks verder nie.

Eers sê Servaas niks. Staan net en bekyk die geveerde gaste op die toiletvloer.

"Pik was een haan, lyk my jy sien nou kans vir 50! " sê hy.

Mens moet maar 'n man se aandag aftrek van sekere dinge, toe sê ek maar: "Servaas, ek hoop nie jy het pers verf vir Andante laat koop nie."

Groete aan ou Swaer
Jou liefhebbende
Sus Lettie



Lesers sê hul sê

Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*. Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n laster-like of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie.

(Red.)

Versprei *Die Afrikaner* wyer

My komplimente vir alweer `n uitstekende uitgawe van ***Die Afrikaner***.

Ek waardeer ook veral die beskouings oor binne- en buiteland en natuurlik Sarel Super se Politieke Dinge.

Die Afrikaner is te goed om slegs deur ons HNP-ers gelees te word. Daarom 'n voorstel: Kan julle nie die los bladsye met 'n krammetjie of twee aanmekaar sit en dan aanbied aan goedgesinde winkels, soos Uitkyk, om te verkoop? Ek dink daar sal belangstelling daarvoor wees.

Al sou dit slegs wees ter ere van die nagedagtenis van my groot held, Jaap Marais.

Groete van 'n lewenslange HNP-lid.

Wytze de Boer
Pretoria

FW moet staatshospitaal toe gaan

Ek verwys na 'n onlangse berig dat die regering aan die gang is om die nasionale gesondheidsversekering daar te stel.

Die regering beplan steeds om ons so vinnig moontlik in hul nasionale gesondheidsversekering in te dwing.

Dit nadat die gesondheidsdienste in die Oos-Kaap in duie gestort het, en ander staatshospitale erg faal om goeie diens te lewer. Ons lees gereeld hoe swak pasiënte behandel word. Nou moet die mense wat wel mediesefondslede is, dit afstaan en ook staatspasiënte word. En hoe gaan die staat korrupsie in so 'n groot fonds keer? Hulle kan nie eers munisipale korrupsie stop nie.

Maar as vertrap jou beleid is, dan wil en moet jy vertrap. En as die regeerders siek word, vlieg hulle oorsee vir ordentlike behandeling.

En hoeveel van ons goeie dokters gaan opgee, of uit die land padgee? Amper almal.

As jy 'n land in die grond in bestuur, is dit soveel makliker om op daardie pad aan te hou, as om om te draai en iets reg te probeer doen.

Waar is die teenstand van die weggeeërs, of is die stelsel vir hulle aanvaarbaar? Ek hoop ook FW de Klerk word in staatshospitale behandel, sodat hy kan voel wat hy aangevang het. Hy het mos gesê daar is "wigte en teenwigte". Waar?

H van der Schyff
Pretoria-Noord

Boeremense moet verootmoedig

Ek kon net dink dit is ***Die Afrikaner*** toe my foon afgaan.

Dank ons Hemelse Vader dat HY HOM ontferm oor ons en dat HY ons beskerm. Dat HY ons behoed en bewaar. Ons weet waar ons hulp en krag vandaan kom.

Ons Boeremense sal hulle weer moet verootmoedig voor GOD sodat ons sondes vergewe kan word en dan sal daar genesing wees.

Wimpie & Christelle van der Walt
Bosveld

Kry hierdie gedenkitems

Soos die lesers van ***Die Afrikaner*** seker weet, was die HNP in 2019 50 jaar oud.

Deur hierdie nou al meer as 50 jaar, het die HNP ál sy politieke opponente en vyande, wat almal baie groter en sterker as hyself was, oorleef — dink maar net aan die magtige NP, die "Wenparty" KP, die VP, noem maar op.

Die feit dat hierdie klein partytjie, teen alle teenstand in, kon bly voortbestaan, en vandag nog steeds daar

(Vervolg op bladsy 12)

(Van bladsy 11)

is, kan natuurlik aan verskeie redes toegeskryf word, maar miskien die belangrikste: dat ‘n Hoër Hand hom nog daar WIL; dat Hy hierdie party nog in die toekoms gaan en WIL gebruik om groot dinge tot stand te bring. En dat ons, sy lede, daarom NIE moedeloos MAG raak, moed MAG opgee, ons hande laat sak nie; NIE die stryd mag staak nie — NOOIT te swig voor die “ons is te min; dis te laat”-sindroom nie. Gideon het begin met oor die 30 000, en geëindig met 300; Noag het net sy familie van 7 ander gehad; Dawid het man-alleen teen Goliat gestaan; op ‘n stadium was daar EEN met net 12 volgelinge. By Bloedrivier was daar 470 teen derduisende. Wat as húlle ge-“te min” het; as die stryd vir húlle “te laat” was?

Ja, ons is ALMAL oud; ons is ALMAL siek; NIEMAND kan meer waag om uit sy huis te gaan nie; NIEMAND van ons het geld nie. Dis alles waar. MAAR: ons elkeen HET talente, gawes, belangstellings! Ruim aan ons geskenk deur daardie selfde God, wat wil hê dat ons daardie talente en belangstellings, VANUIT ONS HUISE!, vir Hom, maar ook tot voordeel van daardie party wat Hy nog in die toekoms wil en gaan gebruik, moet gebruik! Wil u nie dink hoe u dit ter wille van ons geliefde HNP kan doen nie?

Om hierdie halfeeu te herdenk, het Louis van der Schyff destyds ‘n pragtige gedenkalbum oor die HNP se 50-jaar geskiedenis saamgestel, wat by die amptelike 50-jaar feesviering vrygestel is. Dis ‘n boek in A4-formaat, wat op glanspapier gedruk is, en 388 bladsye beslaan. Baie wit-en-swart- en kleurfoto’s word gebruik. Dit bevat verder ook nog waardevolle biografiese inligting oor baie van die HNP se kleurryke lede en ondersteuners, humoristiese staaltjies, en al vergete gebeure in die Party.

Maar daar is toe in 2020 óók nog ‘n stel professionele video’s oor dieselfde onderwerp vrygestel, deur myself vervaardig, en waarvan Meinhard Peters die teks geskryf het. Die stel bestaan uit 8 dele, wat op 8 DVD’s voorkom, of op 1 geheuestokkie waarop al 8 dele gelaai is. Die gesamentlike speeltyd is meer as 8 ure. (Vergelyk dit met van die wêreld se grootste klassieke rolprente, soos Sound of Music, My Fair Lady, ensovoorts, wat beswaarlik 3 ure lank is). Unieke foto’s, klankopnames, en heelwat lewendige video-materiaal van dr. Albert Hertzog, mnr. Jaap Marais en mnr. Willie Marais, en veral hulle ongelooflik akkurate voorspellings van die toestande wat ná 1994 sou kom, word ruimskoots gebruik. Die DVD’s en die stokkie is in ‘n netjiese en stewige houer verpak.

Hierdie twee uiters unieke en waardevolle items vertel die geskiedenis vanuit die HNP se perspektief - ‘n perspektief wat tot dusver nog altyd deur alle “akademici” en “navorsers” geïgnoreer is.

Beide die boek en video’s word op die oomblik aan al die voormalige Afrikaanse en Engelse universiteitsbiblioteke bemark. Die reaksie tot dusver is onverwags positief: 2 biblioteke het alreeds die pakket van die boek en die video’s aangeskaf, en sover het minstens 6 ander al gesê dat hulle dit ook gaan koop. Die HNP-perspektief beloof dus om in die toekoms al meer gehoor te word, en ‘n al groter belangstelling en waarde te begin kry.

Die HNP bied elk van hierdie twee uiters unieke en waardevolle items, of selfs die pakket van albei, aan sy lede aan om as versamelaarsitems aan te skaf. Die boek alleen kos R600, die stel van 8 DVD’s, of die stokkie met al 8 dele, teen R800, en die pakket van sowel die boek as die videos saam R1400. Pos/koeriergeld is R100 vir die boek en/of stokkie, maar R190 vir die DVD’s as gevolg van die groter gewig daarvan.

Alle fondse gaan vir die HNP, so as u dus hierdie boek of video’s aankoop, maak u ‘n ruim bydrae tot die HNP se koffers.

Mag ons ‘n baie vriendelike beroep op u doen om hierdie items aan te skaf, ook vir u kinders en kleinkinders se onthalwe en gebruik?

Bestel by **hnpvansa@gmail.com**, of
selfoonnommer 079-752-4898.
As u die video’s bestel, dui asseblief aan of u dit as DVD’s, of op ‘n geheuestokkie sou verkies.

Johan Wiesner
Z1@lantic.net
Sel: 084 351 9200

HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 70770, Die Wilgers, 0041
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
hutten.buchdienst@gmail.com
072 229 2148

En so begin die kaarte inmekaar tuimel

Sarel het onlangs die onderstaande brokkie van ‘n anonieme bron ontvang, en hy deel dit net soos hy dit gekry het. Hier en daar ‘n vinnige kontrolering van feite maak dat **Sarel** dit nogal kan glo…:

Die Sjinese biologiese laboratorium in Wuhan word besit deur GlaxoSmithKline, wat (per ongeluk) Pfizer besit wat die entstof maak teen die virus wat (per ongeluk) by die Wuhan Biological Lab begin is en wat (per ongeluk) gefinansier is deur dr. Fauci, wat die entstof (per ongeluk) bevorder!

GlaxoSmithKline word (per ongeluk) bestuur deur die finansiële afdeling van Black Rock, wat (per ongeluk) die finansies bestuur van die Open Foundation Company (Soros Foundation), wat die Franse AXA (per ongeluk) bestuur!

Soros besit (per ongeluk) die Duitse maatskappy Winterthur, wat (per ongeluk) 'n Sjinese laboratorium in Wuhan gebou het en gekoop is deur die Duitse Allianz, wat (toevallig) Vanguard as aandeelhouer het, wat (toevallig) 'n aandeelhouer van Black Rock is, wat (toevallig) sentrale banke beheer en ongeveer 'n derde van die wêreldwye beleggingskapitaal bestuur.

Black Rock is ook (toevallig) 'n groot aandeelhouer van MICROSOFT, wat besit word deur Bill Gates, wat (toevallig) 'n aandeelhouer van Pfizer is (wat - onthou? Verkoop 'n wonderentstof) en (toevallig) nou die eerste borg is van die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO)!

Nou verstaan u hoe 'n dooie vlermuis wat in 'n nat mark in Sjina verkoop is, die hele planeet besmet het!

• *Per ongeluk toevallig waar, nie waar...?*

Moontlikheid van Duisternis

Sarel het alle simpatie met Andre de Ruyter, deesdae grootbaas van Eskom. Dit lyk of dié kêrel darem ‘n gemors van epidermiese proporsies geërf het, en die oomblik as hy iets reg probeer doen, is daar een of ander siel met ‘n minderwaardigheidskompleks wat rassisme skree.

Een van die nalatenskappe van onbekwame (swart) voorgangers, was ‘n hofsaak wat die Amerikaanse sagteware-reus, Oracle, teen Eskom aanhangig gemaak het om sy belangrike dienste te onttrek oor 'n dispuut rakende miljarde rande wat die kragvoorsiener hom skuld.

Eskom het die saak verloor nadat die hof in Oracle se guns beslis het, wat beteken dat Suid-Afrika nou aan Oracle se genade uitgelewer is oor of die land in algehele duisternis gehul gaan word of nie. Oracle het dus die groen lig om inderdaad sy dienste te onttrek.

Oracle bied 'n aanlyn-verkoopstelsel wat 77 miljoen transaksies per maand aanteken en die gekoppelde kragvoorsiener gebruik ook Oracle se produkte en dienste vir die monitering van vrag van kragopwekking deur kragstasies.

Volgens die hofstukke wat Eskom ingedien het, is Oracle 'n diensverskaffer en lewer al meer as 20 jaar verskillende produkte en dienste wat noodsaaklik is vir sommige van Eskom se belangrike bedrywighede.

• *Ja, dit is maar die kultuur van nie-betaal wat hier ook kop uitgesteek het. As van die tuisdorpe van hoë Eskom amptenare nie hulle kragrekenings betaal nie, waarom sal die verskaffer dan enigsins iets betaal?*

BLM se nuwe betekenis

Die sogenaamde Black Lives Matter (BLM)-beweging, wat ontstaan het toe Amerikaanse polisie ‘n swart misdadiger ‘n bietjie hardhandig moes hanteer, het in Suid-Afrika op verskeie maniere gemanifesteer.

Eerstens was dit die sportlui wat hulleself vrywillig laat dwing het om die knie te buig voor wedstryde, of om met gebalde vuis in die lug die swartmag teken te toon ter ondersteuning van BLM.

Maar as **Sarel** so na die gebeure van die laaste tyd kyk, en die optrede van die BLM mense in Suid-Afrika, bly dit steeds BLM.

• *Steeds in die taal van die kolonialis: Burn, Loot, Murder (BLM)*

Moeilike somme

Die land sal seker nog lank die voormalige ANC-staatshoof, Jacob Zuma, se gestamel oor syfers onthou, toe hy min of meer ‘n syfer van twintig duisend drie miljoen elf en dertig geskep het.

Tog dink **Sarel** soms hy was een van die slimmeres onder sy kollegas.

Vat nou die minister van gesondheid, Zweli Mkhize, ‘n mediese dokter wat waarskynlik 20 persent minder in matriek nodig gehad het om vir mediese studies gekeur te word as sy blanke klasmaats.

(Vervolg op bladsy 14)

(Van bladsy 13)

Op 5 April is die Covid-gevalle per provinsie aangekondig: van so min as 11 in Noord-Transvaal tot soveel as 120 in die "Gangsters" Paradys.

Maar die Oos-Kaap rapporteer toe infeksies van -1. Ja, inderdaad, geen drukfout nie: minus een!

Sarel het sy kop al omgewoel oor daardie een, maar weet werklik nie hoe mens daarby kan uitkom nie. Mens moet waarskynlik 'n soort Zuma-genie wees om dit te snap.

En dan kom die minister van gesondheid en sê in 'n verklaring dat die syfers "heel moontlik verkeerd" is.

• *Ja natuurlik Zweli, heelwaarskynlik nie waarskynlik verkeerd nie, maar beslis totaal verkeerd. Dalk moet die minister ook maar die paadjie Nkandla toe aandurf, net soos Bheki Cele, Ace Magashule en Julius Malema, maar in sy geval om tel-lesse te kry. Ten minste was Zuma se syfers positief.*

Dapper Zuma

Een positiewe ding wat **Sarel** dan van die 78-jarige ou Jacob Zuma kan sê is dat hy sowaar geen bang haar op sy kop het nie. Seker maar oor hy hulle afskeer.

Maar hy het nou bloutjie op bloutjie geloop met die Zondo-kommissie, met die Grondwetlike Hof en 'n rits ander howe. Kersie op die koek het 'n hof beslis dat hy wel alle regskoste van homself en die ander party moet betaal, skynbaar so 'n R16 miljoen daarvan.

Maar die dapper en selfs uitdagende voormalige MK-bevelvoerder het gesê hy is nie bang om tronk toe te gaan nie, hy sal dit doen ter wille van nog een of ander onvoltooide "struggle" en om 'n punt te bewys.

• **Sarel** *glo egter dat hy maar tronk toe moet gaan, want na al hierdie hofsake en kostebevele teen hom het hy min of meer net soveel geld as hare, en in die tronk kry mens ten minste 'n broodjie.*

Robbeneiland "gerob"

Skielik is daar 'n luidkeelse geween en gekners van tande uit linkse kringe. Robbeneiland is besig om te vergaan!

Dit is toe nie die see wat die eiland insluk as gevolg van stygende water as gevolg van aardverwarming nie. Die eiland sink weg in die reeds bekende onbekwaamheid en verval van alles wat onder ANC beheer is. As die Kaapse studente hulle vuurhoutjies droog op die eiland sou kon kry, sal hulle dié seker ook afbrand.

Maar dit blyk nou dat daar sedert Mandela se vrylating eintlik niks aan die eiland en ou tronk se onderhoud gedoen is nie. Die museum word as substandaard beskryf.

Nou kry Covid weer die skuld, want geen besoekers kon gaan koer oor nommer 46664 se sel, of die gruisgroef waar hy bietjie moes sweet nie. So erg was die waansin oor 'n ou tronk waar misdadigers opgesluit was, dat UNESCO die eiland as 'n Wêrelderfenisterrein verklaar het.

Maar nou blyk dit dat dit nog net genade is wat die bote aan die gang hou wat toeriste na die eiland moet neem. TV's werk nie meer nie. Die lewensgrootte foto's van Mandela, Sisulu, Kathrada en ander veroordeelde terroriste wat daar opgesluit was, het verbleik en kennisgewingborde is gebreek en lê in stukke op die grond. Die mure trek water en kort verf terwyl die geboue doodgewoon verwaarloos is.

• *Ja, as die gate in die dorpe en stede van die land geen aandag kry nie, en rioolwerke werk nie meer nie, en verval is oraloor sigbaar, waarom sal dit dan nou juis by Robbeneiland anders wees? Alhoewel daar dalk 'n bietjie versagting kan wees: in die verlede het die bandiete alles in stand gehou, maar dié is nou vrygelaat. Wie moet dan nou die werk doen?*

Absa o Absa

Wat sou die stigters van Volkskas sê as hulle vandag moet sien wat by Absa gebeur? **Sarel** reken hulle sal nie rustig in hulle graf lê nie, maar eerder omdraai om ondertoe te kyk en dit nie gade te slaan nie.

Absa was so 'n jaar of wat gelede baie trots daarop dat hulle een van die ANC se "struggle"-handlangers, Maria Ramos, as voorsitter kon kry. Toe was dit nog 'n groter hoogtepunt vir die linkses toe Absa sy eerste swart besturende direkteur kry.

En toe loop die swart besturende direkteur weg, sommer netso, en Absa se aandeleprys daal met 'n vinnige 5%. Die besturende direkteur was skynbaar in konflik met sy direksie oor transformasie. **Sarel** weet nie wie wou transformeer en wie wou rem nie, maar dis seker eintlik nie eens ter sake nie.

Maar toe kry **Sarel** hierdie nota aangestuur van iemand deur iemand: "Goede blikkies (geredigeer deur redakteur). Maak ABSA se app oop. Dan seg hulle u het 'sukselvol' aangeteken en kan nou die 'mees gebruikste' toepassings beskou. Skandalig hoe ons taal verkrag word."

• *Inderdaad die "suksel" van die nuwe SA wat eerder 'n sukkelstaat geword het. En dis dieselfde Absa wat sy Afrikaanse kliënte belas met hoë bankkoste om 'n borgskap van miljoene vir die swart Bafana-Bafana sokkerspan te bewillig.*

Chaos

(Van bladsy 1)

Die polisie blyk geensins meer in staat te wees om wet en orde te handhaaf nie. Die Kaapse vlakte word deur bendes met outomatiese gewere regeer, en die polisie durf nie daar ingaan nie. Op ‘n onlangse landelike veiligheidsvergadering in ‘n Noord-Transvaalse dorp, het dit ook aan die lig gekom dat daar bendes bedrywig is, en dat die polisie nie daar durf ingaan nie. “Hoe meer wapens die bendes het, hoe minder gaan die polisie daar in,” was een van die aanwesiges se beskuldiging na die polisie.

Die HNP se hoofsekretaris, mnr. Hermanus van der Schyff, sê hy hou nie daarvan om negatief te wees en dit op sosiale media te deel nie. “Maar kyk mens vandag net na berigte in *Beeld*, gaan dit net oor chaos en mislukkings. In Piet Retief word die blykbare onskuldige ouens in die selle gegooi as die skuldiges en hulle kan nie borg kry nie, omdat dit die oproeriges buite net verder sal opstook. So betogers bepaal of jy in aanhouding bly of nie.

“Wolmaransstad het probleme met water en riool. En ons weet dit is nie die enigste dorp met sulke probleme nie. Klerksdorp het probleme wat die ANC nie kan hanteer nie. In die Vrystaat is daar probleme in verskeie dorpe. Nêrens is daar voorspoed en vrede nie.”

Mnr. Van der Schyff vra hoe dit reggemaak kan word en besef daar is geen maklike antwoord nie. “Afrikaners wat bymekaar hoort en op dieselfde grondbeginsels staan, moet begin saamwerk. Soos mnr. Jaap Marais gesê het: ‘bring bymekaar dié wat uit innerlike beginsels bymekaar hoort’. Dan kan ons saam aan groter aksies werk.”

Die regte lesse

(Van bladsy 2)

nou oor 20 maande in die hof en word afgelag met die moontlikheid van tronkgevolge. Hierdie is kritiese getuienis om die boere se saak te steun, en dit is waarom die SAPD dit nie doen nie.

Daar is twee ander soorte kundigheid nodig, naamlik ‘n tipe privaat “ondersoekbeampte“ met die regte ondervinding wat die prokureur se oë en ore op die toneel kan wees en verklarings in opdrag kan vat; en waar daar van vroeër al af aanduidings van moontlike groep konfrontasie was, moet daar professionele sekuriteitspersoneel wees wat opgelei en onder bevel is. Kry gerus die boere daar, maar sonder wapens en drank, en maak video-opnames van alles. Besef nou maar eenmaal dat hierdie soort optrede beplan is om te lei na sulke insidente waar die arme “George Floyd-slagoffers” geskiet word en dan is dit lisensie vir breek, steel, brand en moor. Sulke situasies moet reg hanteer word.

As die boere dink dat bogenoemde duur gaan wees is hulle reg, maar saam gaan dit hanteerbaar wees. Vra vir die betrokkenes in hierdie saak wat hulle regskostes gaan wees en besluit dan self wat is die goedkoopste. Ook is dit goedkoper as wanneer ‘n boer sy plaas of produksie verloor.

Dit is te laat om die prokureur te bel as die polisie reeds op die toneel is. By die begin van die proses moet die regte mense al gebel word om die proses te bestuur. Om eers na die tyd te reageer is oneffektief.As die SAPD eers op die toneel is, is dit te laat. Hulle gaan arresteer. Vooraf moet daar planne wees om die situasie te bestuur.

Hier moes die voorafgebeure en intimidasie behoorlik gedokumenteer gewees het met briewe en hofaansoeke waar nodig en ander stappe om die verloop van die groeiende intimidasie te dokumenteer dat niemand ooit sal wegkom met die “boer skiet werknemer” argument nie.

‘n Belangrike deel is ook toneel hantering maar daar is baie kundigheid nodig – die tipe prokureur wat eers wakker skrik in die verhoor het reeds verloor. Ondersoek en getuienis word voor ‘n verhoor verkry en as die verhoor daar is, is die bus reeds weg.

Sover die regsadvies wat TLU SA vir sy lede en boere bekom het.

Die Afrikaner

As gevolg van Swart bevoordeling in die ekonomie, verloor Witmense deurlopend hulle werk of bestaande kontrakte. Diesulkes moet 'n manier kry om die pot aan die kook te hou.

Kom ons as blanke sakemanne vat hande en ondersteun mekaar: ek help jou en jy help my.

Hoe doen ons dit?

Vir slegs R300 per maand is ons bereid om u sake-onderneming te adverteer.
U stel self die advertensie in Afrikaans op (10cm X 6cm) en stuur dit aan admin@hnp.org.za

Ons plaas u advertensie

1. in elke uitgawe van *Die Afrikaner*,
2. een maal per week op *Die Afrikaner* se Facebook-blad, en
3. stuur dit een maal per week per e-pos aan 'n lys van mense met e-adresse. (Die lys het tans ruim meer as 1000 adresse en groei deurlopend.)
4. Teken u op *Die Afrikaner* in om elke uitgawe van die blad te ontvang (per landpos of e-pos: u keuse) vir solank as wat u adverteer.

Afrikaners help mekaar! Is u bereid om deel van dié te word?

Skakel gerus met Juanita by
admin@hnp.org.za

"Sy doodkry was (nog steeds) nie"

'n Stel van 8 DVD's (ook op 'n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor dié afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer.

Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige video-materiaal uit dié era.

R800 per stel van 8 DVD's (netjies verpak)
of 'n geheuestokkie.

'n Politieke voëlvlug oor 50 jaar

Op 2 Februarie 1990, 30 jaar gelede, het mnr FW de Klerk sy bekende **Rooi Vrydag-toespraak** gehou. Op daardie dag het hy aangekondig dat die SAKP ontban gaan word en dat die kommunis, Nelson Mandela, vrygelaat gaan word.

Dié toespraak, met die daaropvolgende onderhandelings met die ANC en die SAKP, die skryf van 'n nuwe grondwet en die onwettige een mens een stem-verkiesing in 1994, het daartoe gelei dat die eens vooruitstrewende Suid-Afrika tot rommelstatus verval het.

Maar dit was nie net mnr FW de Klerk wat verantwoordelik was vir dié toestand nie.

Na die moord op dr HF Verwoerd was daar vir 25 jaar politieke toegewings wat gelei het tot mnr De Klerk se oorgawe.

Hoe lyk dié politieke geskiedenis? Wat was die politieke toegewings wat oor 50 jaar plaasgevind het?

Is daar teen dié toegewings gewaarsku, wal gegooi, weerstand gebied?

- Lees dit alles in die HNP se Gedenkalbum: 'n Politieke voëlvlug oor 50 jaar!
- ► Die koste is R590 per boek. Koerier-koste is R100.

Bestellings en navrae:

Tel 079 752 4898
(voormiddag)

info@hnp.org.za

Bankbesonderhede vir betalings

HNP	Absa Tjekrekening
Takkode	632 005
Rekeningnommer	020 001 348
Verwysing:	U van + Album